Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By vraagnommer 1.6–1.7 moet jy jou eie TITEL gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Is Suid-Afrika nog die land om in te bly? **[50]**

1.2 Dis waarom ek vandag hier is ... **[50]**

1.3 Beurtkrag is nou deel van ons daaglikse bestaan. **[50]**

1.4 Ek gaan skool mis. **[50]**

1.5 Waarheen na matriek? **[50]**

1.6




[Bron: *Pinterest* 2023] **[50]**

1.7




[Bron: Google Images 2023] **[50]**

1.8



[Bron: Google Images *2023*] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jy het gesien hoe jou beste vriend/vriendin by ŉ partytjie drink en erg dronk raak. Jy was geskok en voel jy moet jou vriend/vriendin inlig oor hoe jy oor sy/haar gedrag voel.

Skryf ŉ vriendskaplike brief waarin jy jou teleurstelling en kommer uitspreek. **[30]**

2.2 **KOERANTARTIKEL**

Daar is ŉ toename in vandalisme en inbrake in jou gemeenskap en dit is ŉ groot probleem.

Skryf ŉ KOERANTARTIKEL oor die toenemende probleem. **[30]**

2.3 **E-POS**

Jy het kos by Checkers gekoop en van die 60 minute diens gebruik gemaak. Jy is ontevrede oor die diens en hoe lank dit geneem het om die kos af te lewer.

Stuur ŉ E-POS aan Checkers oor die swak diens te kla. **[30]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Dis jou ma en pa se 25ste huweliksherdenking. Jy moet namens die kinders ŉ toespraak by die partytjie lewer.

Skryf die TOESPRAAK neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **WHATSAPP BOODSKAP**

Jou onderwyser stuur jou die volgende boodskap:
Goeiemôre Sikho. Waarom het jy nie die ekstra Afrikaansklasse bygewoon nie? Ek let op dat dit nou al die derde klas is wat jy mis.

Skryf ʼn WhatsApp boodskap aan jou onderwyser om te verduidelik waarom jy nie die ekstra klasse bygewoon het nie. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy was in ʼn geveg/bakleiery by die skool en moet voor die dissiplinêre komitee verskyn. Skryf jou gevoelens in jou dagboek neer.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag voor die dissiplinêre verhoor
- Die dag na die dissiplinêre verhoor **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy het baie vriende en weet hoe belangrik goeie vriendskappe is.
Skryf SEWE (7) instruksies oor hoe om ʼn goeie vriend te wees puntsgewys neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou